

DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die tiende verslag vanjaar.

Politiek

- Die probleme binne die plaaslike owerhede wil nie en kan nie verdwyn nie. So ook nie die Eskom-sage nie. So ook nie al die atletiek-sages nie. En intussen verloor die Springbokke teen 'n klubspan terwyl Moody's nou, na sowat vyftien jaar, skielik bekommerd raak oor die invloed van die vakbonde in die plaaslike ekonomie!
- Afghanistan en Pakistan bly kookpotte. Afghanistan is tans besig om 'n al hoe groter probleem vir die Obama-administrasie te word terwyl die Taliban sowat 80% van die land beheer. Kan die VSA se minister van buitelandse sake dalk iets omtrent die probleem vermag? Of gaan die terroriste/vryheidsvegters steeds maak soos hulle wil?
- President Robert Mugabe is steeds baie ferm in beheer van die verdere aftakeling van sy land se ekonomie en politieke toekoms.
- Die Somaliese seerowers vaar steeds op die kruin van die golf. Seerowery word 'n al hoe meer omvangryke probleem wat internasionale handel kan skaad.

Internasionaal

- Die afgelope maand het die sentimente in die finansiële en kommoditeitsmarkte steeds die onsekerhede wat ten opsigte van die volhoubaarheid van enige noemenswaardige ekonomiese herstel bestaan, weerspieël.
- Tans is daar orals aanduidings dat die ergste van die resessie agter die rug is. Hierdie herstel is die gevolg van die baie groot stimuluspakkette wat deur regerings en sentrale banke in die onderskeie lande oor die afgelope jaar van stapel gestuur is. Met die uitsondering van veral Australië, is die meeste van die stimuluspakkette nog in swang. Sommiges is reeds bietjie afgewater soos die ondersteuning wat aan die motorbedryf in die VSA gegee is en teen einde Augustus tot 'n einde gekom het.
- Die huidige onsekerheid in die finansiële en kommoditeitsmarkte is weens die vraag of die waarneembare herstel in die wêreld ekonomie volhoubaar is wanneer hierdie stimuluspakkette tot 'n einde kom. Die skerp toename in die Oktober werkloosheidsyfer van die VSA tot meer as 10%, het hierdie vraag weer op die voorgrond gestoot. My siening is dat solank die Amerikaanse verbruiker onseker is oor sy toekoms, nl of hy werk sal hê en of die waardes van sy onderskeie bates sal stabiliseer en groei, die vraag in die VSA gedemp sal wees. Dit sal meebring dat die vraag in die wêreld gedemp sal wees. 'n

Noemenswaardige herstel van indiensneming in die VSA sal volgens huidige aanduidings nie voor die middel van 2010 na vore tree nie.

- Die ander groot dryfveer van veral die vraag na en pryse van kommoditeite sedert 9 Maart vanjaar, is die herstel van die Chinese ekonomie. Groei in hierdie ekonomie is gestimuleer deur die geweldige toename van banklenings (\$1.27 miljard in die eerste nege maande toegestaan) wat investering ondersteun en die voortgesette regeringstimulus pakket van \$586 miljard. Die vraag is of die regeringstimulus volgehou sal word wanneer die huidige pakket in die eerste helfte van 2010 tot 'n einde kom. Die kommentare dui daarop dat die regering so lugtig is vir sosiale onrus indien werkskepping nie volgehou word nie, dat daar weer 'n nuwe stimulus uitgedink sal word. Die regering sal steeds moet stimuleer indien uitvoere na die res van die wêreld nie noemenswaardig herstel nie.
- Inflasie is in die meeste van die groot nywerheidslande tans negatief. Die verwagting is dat inflasie in 2010 onder beheer in hierdie lande sal bly.
- Met werkloosheid wat hoog is en verder kan styg tot die middel van 2010, asook matige groei, is die aanduidings dat sentrale banke die stimulus wat hulle tans onderneem, nog geruime tyd in stand sal hou. Dit beteken ook dat korttermynrentekoerse in die geval van die VSA, VK, Euroland en Japan tot minstens die middel en selfs tot die einde van 2010 onveranderd op huidige lae vlakke sal bly.
- Langtermynrentekoerse weerspieël tans die verwagting dat ekonomiese groei langsaam en sonder inflasieprobleme sal wees. Die groot en toenemende finansieringsbehoefte van sentrale regerings weerhou hierdie rentekoerse om laer te beweeg. Enige aanduiding dat inflasie 'n probleem kan word in 2010, sal hierdie koerse onder opwaartse druk plaas.
- Algemene kommoditeitspryse word tans veral ondersteun deur die sterk vraag wat vanaf China kom. Die vraag bly steeds of die huidige sterk vraag en pryse volhoubaar is sonder dat die wêreld ekonomie nie sterk groei toon nie. Intussen ondersteun die behoefte van finansiële instellings om 'n goeie opbrengs op hul beleggings te kry ook hierdie pryse. En intussen sal spekulante tog ook lustig saamspeel wanneer die geleentheid hom voordoet.
- Die goudprys wat die afgelope maand nuwe rekordvlakke bereik het, word veral ondersteun deur die verswakking van die dollar en die aanduidings dat sentrale banke hul beleggings diversifiseer. Indien die dollar in die volgende ses maande onder druk bly, kan dit die goudprys tot nuwe rekordvlakke laat styg.
- Die olieprys bly op hoë vlakke nieteenstaande die aanduidings dat daar 'n oormaat voorraad in die wêreld aanwesig is. Die huidige pryse is ook 'n weerspieëling van die swak vertoning van die dollar, die vrees dat inflasie een of ander tyd sal styg, die aanduidings dat die vraag na energie weer sal verbeter in die komende jaar en dat energiebronne beperk bly.

Plaaslik

- Die plaaslike ekonomie word geknel deur die sterk vertoning van die rand wat veral uitvoerverdienstes beperk, mededinging in die plaaslike mark verskerp en die verbruiker wat steeds gebuk gaan onder sy groot skuld las asook die beperkte krediet wat in huidige omstandighede beskikbaar is. Gelukkig word die ekonomie ondersteun deur die toenames in welsynsbetalings asook die voortsetting van die infrastruktuurontwikkeling van die openbare sektor. Laasgenoemde ervaar egter bottelnekke in die verkryging van voldoende finansiering en kundigheid.
- Die handelsrekening van die betalingsbalans vertoon beter as wat ek verwag het weens die afname in invoere, maar veral ook weens die groter volumes uitvoere wat die gevolg is van die voortgesette sterk Chinese vraag. Die diensterekening word ook bevoordeel deur die daling in plaaslike rente- en dividendkoerse. Die invloed van buitelandse kapitaal was tot dusver aansienlik sterker weens die afname in internasionale risikovermyding. Die buiteland was dus weer gemaklik om in ontluikende lande korttermyn investering te doen. Die RSA met sy goed ontwikkelde finansiële stelsel is goed geplaas om voordeel uit hierdie situasie te trek. Die risiko bly egter dat die invloed van korttermynkapitaal net so vinnig weer omgekeer kan word soos in die laaste kwartaal van 2008. Die buitelandse reserwes het die afgelope tyd 'n gesonde groei getoon en sal help om enige krisis makliker te hanteer.
- Die sentrale regering se middeltermynbegroting toon dat die tekort in die huidige fiskale jaar tot 7.6% van die bruto binnelandse produk (bbp) sal styg. Dis die hoogste sedert statistiek in 1961 gehou word. Die verwagting is dat die tekort in die volgende fiskale jaar tot 6.2% en die daaropvolgende jaar tot 4.2% van bbp kan daal. Die openbare sektor sal sy besteding aan die infrastruktuur projekte volhou. Terselfdertyd is aangedui dat die persone wat afhanklik raak van welsynstoelaes van die huidige sowat 14 miljoen tot 15 miljoen sal toeneem met die uitbreiding van hierdie toelaes. Is dit volhoubaar dat 30% van die totale bevolking afhanklik raak van belasting wat betaal word? Daar is nog geen lig in die tunnel van plaaslike owerhede se finansiële verknorsing nie. Hierdie owerhede se slegte skulde het van sowat R40 miljard aan die begin van die jaar tot sowat R50 miljard teen die middel van die jaar toegeneem. Is dit volhoubaar?
- Die September verbruikersprysindeks het tot 6.1% gedaal en die produsenteprysindeks tot -4.0%. Steeds bly ek egter skepties oor of die inflasiekoers op 'n volhoubare basis onder die 6% mikpunt sal bly. Tans moet ons die sterk rand bedank vir die lae inflasiekoers.

- Werkloosheid staan tans op net minder as 25% en is volgens die Bloomberg nuusdiens die hoogste in die 60 lande wat hul dophou. Die aanduidings is dat hierdie koers verder sal styg in komende maande. Solank die onderwystelsel nie die regte opleiding en kundigheid lewer wat die ekonomie benodig nie, sal werkloosheid met ons wees. Ons arbeidsbedeling se bydrae tot hoë werkloosheid moet ook nie geringskat word nie. Gelukkig dat daar nou aanpassings in die onderwystelsel aangekondig is.
- Korttermynrentekoerse kan tot die middel van 2010 op huidige vlakke bly weens die swak vraag in die ekonomie. Indien inflasie teen daardie tyd opwaarts neig weens 'n swakker rand of sterk toenames in elektrisiteits- en ander plaaslike owerhede se tariewe, asook vanjaar se salaris- en loonaanpassings behoort korttermynrentekoerse te styg.
- Langtermynrentekoerse word tans bevoordeel deur die internasionale tendense in hierdie markte. Die skerp toename in die finansieringsvraag van die openbare sektor tot R285 miljard vanjaar teenoor R89 miljard die vorige jaar, dui daarop dat indien internasionale bronne nie op groot skaal ontgin word nie, plaaslike langtermynrentekoerse hoër kan neig.

Beleggingsomgewing

- My siening is steeds dat daar tans 'n aansienlike hoeveelheid likiditeit in die wêreldmarkte rondswerf wat op soek is na 'n goeie verdienste. Aangesien daar terselfdertyd soveel onsekerheid is oor die volhoubaarheid van ekonomiese groei indien dit nie deur die regering of sentrale banke se optredes ondersteun word nie, is daar ook onsekerheid oor die volhoubaarheid van enige beleggingsveld se prestasie.
- Die beginpunt is dat rentekoerse tans laag is en laag kan bly tot minstens die middel van 2010. Geld kan dus in hierdie markte geleen word en in ander markte aangewend vir 'n beter opbrengs sorg. Amptelike rentekoerse in die VSA is tussen 0% en 0.25%; in die VK 0.5%; in Euroland 1.0%; in Japan 0.1%. Langtermynrentekoerse in die VSA soos aangedui deur 10 jaar staatseffekte is op 9 November 3.5%; VK 3.8%; Euroland 3.4%; Japan 1.48%. Fondse wat in hierdie markte geleen word, word dan aangewend in drahandel in geld- en kapitaalmarkte soos die RSA waar rentekoerse hoër is – ook hoër is as die inflasiekoers van die land waar die belegger woon. Bykomend word dikwels ook nog kapitaalwins gemaak indien die geldeenheid waar die fondse aangewend word nog verstewig nadat die investering gemaak is.
- Kommoditeitsmarkte word ook deur hierdie situasie beïnvloed. Bo en behalwe die onderliggende vraag en aanbod in die onderskeie markte, word die pryse ook beïnvloed deur die beleggers wat op soek is na 'n goeie opbrengs op hul fondse.

- In die geval van plaaslike en internasionale aandelemarkte styg aandeelpryse. Dit is die geval nieteenstaande die algemene siening dat aandeelpryse wêreldwyd te hoog is in terme van die winsverwagtings wat vir die volgende twaalf maande geld. Desondanks bly die vraag na aandele sterk, want internasionale fondse is op soek na opbrengs en is daar 'n vraag na aandele wat moontlik in die toekoms goeie winste en dividende kan toon.
- Die algemene siening en sentimente is dat die dollar tot die middel van 2010 verder kan verswak teenoor meeste geldeenhede – Zim dollar is dalk 'n uitsondering. Hierdie situasie kan voortduur totdat daar duidelikheid is wanneer VSA rentekoerse sal begin styg. Deelnemers in hierdie markte sal hul posisioneer voordat die werklike styging van rentekoerse plaasvind.
- Die huidige vlak van die rand word as te sterk beskou omdat die winste van plaaslike ondernemings soos die myne wat internasionaal inkomste verdien onder druk is en ondernemings wat in die plaaslike markte sake doen met kwaai internasionale mededinging te kampe het. Hierdie situasie kan egter voortduur solank die dollar onder druk bly. Dit kan verander indien die persepsies oor die land se ekonomiese toekoms verswak.

Ulrich Joubert
7 November 2009.

Hoewel moeite gedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik op te stel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir besluite wat op grond van die inligting hierin geneem word nie.